

Dinsdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:10-18	Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:10-18
--	--

Wedergeboorte – lewend gemaak om in heerlijkheid te deel

Die ou verbond en die nuwe verbond is in wese dieselfde, dit het gegaan oor die wedergeboorte wat God in sy genade alleen skenk, op grond van Jesus Christus, die Middelaar en Hoof van die verbond, se volmaakte werke. Albei bedelings van die verbond gaan oor die heerlijkheid van God in Christus, deur die kragvolle werking van die Heilige Gees, maar die bediening van daardie onderskeie verbondsbedelings het wel verskil.

Hier in 2 Korintiërs 3 wys Paulus daarop dat die ou verbond “met letters op klippe gegraveer (was) in heerlijkheid” (vs 7), maar ’n heerlijkheid wat vooruitgewys en gegryp het na die “bediening van die Gees ... in heerlijkheid” (vs 8), wat Jesus Christus volkome kom vervul het (Matt. 5:17-20). Jesus Christus is die sleutel van die hele Skrif, en daarom ook die verbondsbediening van die Ou Testament. Die Skrif mag nooit los van Christus, die Middelaar van die Verbond, gelees word nie (Luk. 24:25-27).

Daarom is dit dwaasheid om te wil terugkeer na die bediening van die ou verbond terwyl die wese daarvan gehandhaaf en vervul is in die nuwe verbond in Christus, vir ewig en altyd. Die ongelowige Jode in Moses en ook in Paulus se tyd het deur hulle sondes verblind gebly in hulle harte (vs 15). Hulle het die doel van die wet en die bediening van die verbond gemis, Christus Self, en daarom verlore gegaan.

Alleen in Jesus Christus, deur die geloof, word die bedekking weggeneem deur die werking van die Gees wat wedergeboorte skenk (vs 17), sodat ons weer kan lees wat daar nog altyd gestaan het in die “Ou Testament” oftewel Verbond (vs 14). In en deur Christus word ons gered, maar ook hoe langer hoe meer “van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlijkheid tot heerlijkheid, as deur die Here wat die Gees is” (vs 18).

Kom ons loof en prys die Here vir die wonder van die wedergeboorte, van heerlijkheid tot heerlijkheid, in Christus alleen!

Sing: Psalm 105-1:4, 5

Ds. S le Cornu (Slabbert) (Carletonville)